# DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

## TAAL, GELETTERDHEID EN KOMMUNIKASIE: (TGK)

## AFRIKAANS PRIMÊRE TAAL

---

**Gemeenskaplike Take vir Assessering (GTA)**

**Graad 9**
**2005**

## LEERDERBOEK

**Tyd: 5 uur**

**Punte: 100**

**Aantal bladsye: 18**

**GEMEENSKAPLIKE TAKE VIR ASSESSERING [GTA]**

**FASE-ORGANISEERDER:** Kultuur en samelewing

**PROGRAMORGANISEERDER**: Elkeen van ons kan 'n bydrae lewer

**Nota vir die leerder:**

- Die GTA bestaan uit een afdeling.
- Tydens hierdie GTA vir Afrikaans Primêre Taal gaan jy 'n aantal aktiwiteite doen waarin jy jou vaardighede sal toon.
- Die GTA bestaan uit 100 punte, tydstoekenning beloop 'n minimum van 5 uur.
- Alle assessering sal met punte aangedui word.

**Ikone wat gebruik word:**




Dit dui 'n nuwe taak aan.



**Aktiwiteit**

Dit dui 'n nuwe aktiwiteit in die taak aan.



**Instruksies:**

Wat jy moet doen.

**INHOUD**


| | | |
|---|---|---|
| TAAK 1: | KONTEKSTUALISERING | 3 |
| TAAK 2: | INDIVIDUELE REAKSIE OP TEKS | 5 |
| TAAK 3: | ONDERSOEKTAAK | 14 |
| TAAK 4: | GESPROKE TEKS | 16 |
| TAAK 5: | FUNKSIONELESKRYFWERK | 17 |

## TAAK 1

## KONTEKSTUALISERING

**Tyd: 40 min**

### DIE DOEL VAN DIE TAAK:

Aan die einde van hierdie taak sal jy:

- die begrip dienslewering verstaan.
- verskillende soorte dienslewering kan identifiseer.
- gebreke van dienslewering kan identifiseer.

**HULPMIDDELS**
Spinnekopdiagram oor verskillende soorte dienslewering
Woordeboeke
Persoonlike aantekeninge

### Aktiwiteit 1.1: Klasbespreking en voorbereidingsaktiwiteit

**Tyd: 10 min**

### INSTRUKSIES

- Die onderwyser sal ‘n klasbespreking lei waartydens julle oor dienslewering gesels.
- Deel jou persoonlike ervaring en kennis oor die onderwerp met die res van jou klasmaats.
- Maak voortdurend aantekeninge van nuwe inligting.
- Doen tuis navorsing oor verskillende soorte dienslewering.
- Vind meer uit oor dienslewering deur openbare instellings.
- Samel soveel moontlik inligting in oor die **voordele** van die dienste wat in jou gemeenskap gelewer word.
- Vind ook uit watter moontlike **tekortkominge** in die lewering van die dienste bestaan.
- Hierdie inligting sal gedurende die voltooiing van die GTA gebruik word.

### Aktiwiteit 1.2: Groepbespreking

**Tyd: 10 min**

**INSTRUKSIES**

- Die onderwyser sal julle in groepe van vier tot ses verdeel.
- Kies iemand uit die groep wat al die hoofpunte van die bespreking tydens die groepbespreking kan neerskryf.
- Kies ook 'n verteenwoordiger uit jul groep om tydens die volgende aktiwiteit terugvoering te gee.
- Die volgende punte moet in die groepe bespreek word:
    - Elke groep moet 'n lys van die verskillende tipes dienslewering wat deur elke groeplid in Aktiwiteit 1 geïdentifiseer is, saamstel.
    - Kies **een** wyse van dienslewering en bespreek dit in jul groep.

      Dink aan die volgende tydens julle groepbespreking:
        - **voordele** wat dié soort dienslewering in jul gemeenskap het.
        - **tekortkominge** of probleme wat moontlik ondervind word tydens die uitvoering van dié diens.

### Aktiwiteit 1.3: Terugvoering

**Tyd: 20 min**

**INSTRUKSIES**

- Die onderwyser sal die terugvoering tydens dié aktiwiteit organiseer.
- Elke groep gaan terugvoering gee van dít wat in die groepe bespreek is.
- Luister aandagtig na die terugrapportering van die verskillende groepe en brei jou aantekeninge uit.
- Die onderwyser sal 'n spinnekopdiagram ontwikkel van al die inligting wat terugrapporteer word.
- Deel bykomende kennis met die res van die klas.
- Voltooi jul eie spinnekopdiagram vanaf die van jul onderwyser.

**TAAK 2**

## INDIVIDUELE REAKSIE OP TEKS

**(BEGRIPSTOETS, TAALKUNDE, POËSIE, VERTALING,PRÉCIS, REDIGERING)**

**Tyd: 120 min** | **Punte: 60**

### DIE DOEL VAN DIE TAAK

Gedurende hierdie taak sal jy:

- die kernboodskap van ‘n teks moet herken en bewys dat jy dit verstaan
- skriftelik wys dat jy verstaan wat jy lees
- taalvrae beantwoord
- vrae oor ‘n gedig beantwoord

### HULPMIDDELS

- Woordeboek
- Woordelys
- Persoonlike aantekeninge
- Tekste van Begripstoets en Gedig
- Skryfbord
- Kryt

**Aktiwiteit 2.1: Begripstoets**

**Tyd: 35 min** | **Punte: 20**

**INSTRUKSIES**

- Lees die leesstuk (***Geen gesprekvoering kan maklik lei tot oproer*** ) op die volgende bladsy noukeurig deur en beantwoord die vrae wat daarop volg.

## GEEN GESPREKVOERING KAN MAKLIK LEI TOT OPROER

1. Die oproer die laaste aantal weke, wat Harrismith (en nou ook Bethlehem) in ‘n politieke drukpot omskep het, kon enige dag oorgekook het – met verreikende gevolge vir dié pragtige deel van die Oos-Vrystaat.

2. Daarom behoort die nuus dat die Bekommerde Inwoners van die Groter Harrismith (BIGH) en die provinsiale regering die strydbyle vir gesprekvoering verruil het, elke regdenkende inwoner van die Vrystaat ‘n sug van verligting te laat slaak.

3. Dit is net jammer die handevat is eers bewerkstellig nadat ‘n jongmens sy lewe verloor het.

4. As hoërskoolleerling het Tshepo Mkhonza ‘n lewe vol beloftes voor hom gehad. Hy sou waarskynlik nou dié lewe sorgloos gelei het as die beweerde swak munisipale bestuur nie voorgekom het nie en die BIGH hom nie tot openbare oproer gewend het nie.

5. Maar laat ons hoop dat die Harrismith-oproer ‘n wekroep vir munisipaliteite oor die land heen was, en dat hulle sal besef dat Jan en alleman met niks minder as skoon, billike en regverdige regering tevrede sal wees nie. Wat die mense aan die bewind nie uit die oog moet verloor nie, is dat die plaaslike bestuur die naaste raakvlak met die mense is. Die diens wat hulle op dié vlak kry, bepaal grotendeels die indruk wat die publiek van sy regeerders het.

6. As mense dus swak diens kry of meen hulle is slagoffers van korrupsie, nepotisme en dies meer, sal hulle noodwendig hul frustrasies op die munisipale bestuur uithaal.

7. Hoewel die inligting oor die Harrismith-“skietstilstand” verblydend is, kan ‘n mens egter nie verhelp om besorg te wees oor verwikkelinge in Bethlehem nie.

8. Daar is iets onheilspellends aan die vergadering wat eergister in die woonbuurt Bohlokong gehou is. Hopelik is die feit dat die vergadering slegs vir mans was en dat hulle besluite oor “drastiese stappe” sou neem, nie ‘n teken van nuwe oproer wat op pad is nie. Die meeste inwoners in die provinsie sou liewer wou sien dat Bethlehem se mense die voorbeeld van hul buurdorp moet volg en by die onderhandelingstafel gaan aansit voordat nog iemand sy/haar lewe verloor.

(Verwerk uit Volksblad 9 September 2004)

**WOORDVERKLARING**

| | WOORDE | VERDUIDELIKINGS |
|---|---|---|
| 1 | verreikende gevolge (par. 1) | met gevolge wat ver stryk |
| 2 | strydbyle (par. 2) | geskille |
| 3 | slaak (par. 2) | sug van verligting |
| 4 | wekroep (par. 5) | stem wat 'n mens aanroep; wat jou tot daadwerklike optrede roep |
| 5 | nepotisme (par 6) | vreedsaamheid |
| 6 | verblydend ( par. 7) | begunstiging van familielede en vriende |
| 7 | onheilspellends (par. 8 ) | wat onheil voorspel; dreigend |

**BEANTWOORD DIE VOLGENDE VRAE SKRIFTELIK:**

1. Wat beteken die opskrif **"Geen gesprekvoering kan lei tot oproer"** binne die konteks van die leesstuk? Skryf jou antwoord in 'n volsin. (2)

2. Waar het die oproer plaasgevind? Noem die

   2.1 provinsie (1)

   2.2 name van twee dorpe (2)

3. Haal 'n **frase** uit paragraaf 1 aan wat daarop dui dat die oproer nou al 'n geruime tyd plaasvind. (2)

4. Waarom, dink jy, het die inwoners van Harrismith 'n sug van verligting geslaak? Skryf jou antwoord in 'n volsin. (2)

5. In paragraaf 3 word melding gemaak dat "handevat" eers bewerkstellig is nadat 'n jongmens sy lewe verloor het.
   5.1 Skryf twee betekenisse neer van die woord **handevat**. (2)

6. Haal **TWEE OPEENVOLGENDE** woorde uit die teks aan wat daarop dui dat die lewe baie moontlikhede ingehou het vir Tshepo Mkhonza. (2)

7. Na wie verwys **Jan en alleman** in par. 5? (1)

8. Verduidelik in jou eie woorde wat die oorsaak van die oproer was. (2)

9. Verduidelik in jou eie woorde wat die volgende uitdrukkings beteken:

   9.1 "die drukpot kan enige dag oorkook" (1)

   9.2 "uit die oog verloor" (1)

10. Wat dink jy is die **drastiese stappe** waaroor die mans in par. 8 sou besluit? (1)

11. Hoe kon die lewensverlies van Tshepo Mkhonza vermy word? (1)

**Aktiwiteit 2.2: Taalkunde**

**Tyd: 20 min** | **Punte: 15**

**INSTRUKSIES**

- Lees die teks weer baie goed deur.
- Beantwoord die volgende vrae skriftelik.

1. Die volgende akroniem: **BIGH** staan vir ***Bekommerde Inwoners van die Groter Harrismith***.
   - 1.1 Waarvoor staan die afkorting **mun.**? (1)
   - 1.2 Gee die korrekte afkorting vir **provinsiaal**. (1)
2. Gee 'n sinoniem uit die teks vir **kommervry**. (1)
3. Skryf die volgende sin oor, maar begin die nuwe sinne soos aangedui:

   ***Die oproer het Harrismith in 'n politieke drukpot omskep.***

   Begin so: **Harrismith …** (1)
4. Skryf die volgende sin oor asof jy aan iemand vertel wat die voorsitter gesê het.

   ***Die voorsitter sê: "Ons sal vandag oor drastiese stappe moet besluit."***

   Begin so: **Die voorsitter het gesê …** (2)
5. Gee telkens EEN woord vir die woorde tussen hakies:
   - 5.1 (Mense wat oproer maak) het die munisipale gebou beset. (1)
   - 5.2 (Die persoon wat voorsit by die **munisipale vergadering**) het voorgestel dat hulle onderhandel. (1)
   - 5.3 Die gemeenskap sal (elke maand) in gesprek tree. (1)
6. Verbind die volgende sinne met die woorde tussen hakies:
   - 6.1 Die vergadering is slegs deur mans bygewoon.
     Hulle neem drastiese besluite. (sodat) (1)
   - 6.2 Mense ontvang swak diens.
     Hulle raak oproerig.
     Daar is soms lewensverlies. (gevolglik; aangesien) (2)
7. Gee telkens die korrekte vorm van die woord tussen hakies:

7.1 Ons land het 'n groot regering, maar daardie klein landjie het 'n baie klein (regering). (1)

7.2 Die (frustreer) samesprekings het die hele dag geduur. (1)

8. Voltooi die uitdrukking:

Hulle het vrede gemaak, dus het hulle die strydbyl ________. (1)

**Aktiwiteit 2.3: Poësie**

**Tyd: 20 min** | **Punte: 10**

**INSTRUKSIES**

- Lees die onderstaande gedig noukeurig deur en beantwoord die daaropvolgende vrae.

***Ek is oek important***

As al julle geldgatte
    julle geld gespendit,
en julle bananaskille
    innie slootjie gegooi het,
en julle bustikkits
    soes confetti gestrooi het,
en julle staain en cool drinks
    opgedrink het,
en julle borrels en blikkies
    in die gangetjie gesit het,
en julle visgraatbolle
    en vrot vrugte
        en stukkende boksies
            en papiere
r o n d g e s t r o o i  h e t ...

dan kom ek
en maakie wêreld weer skoon:
soe,
ek is oek important.



Peter Snyders
Uit: 'n Ordinary mens [Tafelberg]

| | WOORDE | VERDUIDELIKINGS |
|---|---|---|
| 1 | geldgatte | ryk mense |
| 2 | gestrooi | versprei/rondgooi |
| 3 | staain | stein wyn |
| 4 | gangetjie | klein,smal gang in ‘n huis |
| 5 | graat | beentjie in vis se lyf |
| 6 | vrot | verrotte |
| 7 | stukkene | stukkende /gebreekte |
| 8 | maakie | maak die |
| 9 | wêreld | omgewing |
| 10 | soe | so |

**VRAE:**

1. Waarom sê die spreker hy is ***oek*** belangrik en nie net dat hy belangrik is nie? (2)
2. Hou die spreker van ryk mense? Motiveer jou antwoord. (1)
3. Met watter EEN woord verwys hy na ryk mense? (1)
4. Wie is die ***julle*** van wie die spreker praat? (1)
5. Wat word in versreëls 5 en 6 met mekaar vergelyk? Skryf jou antwoord in korrekte Afrikaans. (1)
6. Waarom begin die meeste versreëls met ***en****?*
   Skryf slegs die korrekte antwoord neer.
   6.1 Dit dui op die vermeerdering van die vuilgoed.
   6.2 Dit dra by tot die verteltrant in die gedig.
   6.3 Dit maak die gedig langer. (1)
7. Waarom is daar ‘n ellips (....) na rondgestrooi? (1)
8. Gee die korrekte Afrikaanse woord vir “spend”. (1)
9. Watter tipe dialek /variasie van Afrikaans word in die gedig gebruik? Gee ten minste een voorbeeld om jou antwoord te staaf. (1)

**Aktiwiteit 2.4: Vertaling**

**Tyd: 15 min** | **Punte: 5**

**INSTRUKSIES**

- Bestudeer die onderstaande aanhaling en vertaal dit dan in Afrikaans.
- Jou vertaling moet geskik wees vir 'n amptelike dokument van die plaaslike munisipaliteit.
- Onthou: Moet nie woord vir woord direk uit Engels vertaal nie, maar kyk na die teks in sy geheel.

NB! Dit kan 'n vrye vertaling wees!

**WATER QUALITY IS DETERIORATING!**

"The water situation in Warrenton is deteriorating as the quality of the water seems to be dipping and residents are growing more and more restless".

*[Uit: DFA – Donderdag, 25 November 2004]*

**ASSESSERING**

Tydens assessering sal die volgende in ag geneem word:

- Korrekte taalgebruik
- Korrekte spelling
- Juiste en sinvolle vertaling
- Register, m.a.w. is die vertaling geskik vir 'n amptelike dokument?

**Aktiwiteit 2.5: Précis (opsomming)**

**Tyd: 15 min** | **Punte: 5**

**INSTRUKSIES**

Som die uittreksel “ Geen gesprekvoering kan maklik lei tot oproer ! “ [ Taak 2, Aktiwiteit 1: Begripstoets ] kortliks op in ’n paragraaf van 6 deeglike en goedgeskrewe sinne om die kernbetekenis van die uittreksel oor te dra. Probeer om nie elke sin met dieselfde woord te begin nie.

- Som die gegewe gedeelte op in 6 hoofpunte (sinne).
- Skryf slegs die hoofgedagte neer.
- Elke sin moet ‘n werkwoord bevat.
- Skryf die sinne puntgewys neer.
- Elke sin moet ongeveer 10 woorde bevat.
- Skryf die aantal woorde aan die regterkant van die reël neer.
- Jou opsomming moet nie uit meer as 60 woorde bestaan nie.

**ASSESSERING :**

Tydens assessering sal die volgende in ag geneem word:

- Akkurate ontleding van essensiële besonderhede
- Samevoeging van inligting
- Gereproduseer in nuwe formaat
- Taalgebruik
- Sinskonstruksie
- Hoofgedagtes

**Aktiwiteit 2.6: Redigering**

**Tyd: 15 min** | **Punte: 5**

**INSTRUKSIES**

- Redigeer die gegewe paragraaf.
- Let op toepaslike taalgebruik [ foute ] binne die gegewe paragraaf.
- Herskryf die hele paragraaf en bring die nodige veranderinge aan.

**DIALOOG**

**Scenario**

Sipho se gesin sukkel finansieël baie. Daar is selde geld vir enige luukshede; dit is merendeels 'n stryd om te oorleef – om kos op die tafel te kry.

Die plaaslike munisipaliteit skort hulle dienste op en die gesin bevind hulle in 'n haglike situasie.

**Die volgende gesprek vind plaas tussen Sipho en een van sy vriende oor hierdie netelige situasie.**

Sipho: Howzit?
Leo : Klopdiselboom, my broer! Hoe gaan dit met jou?
Sipho : Sleg, my broer – ergsleg.
Leo : Siestog my broer! Wat is jou probleem?
Sipho : Dit is ou Petrus Van Wyk by die munisipaliteit - hy het ons dienste opgeskort.
Leo : Vir watter rede, my broer?
Sipho : Nugter weet!

**ASSESSERING:**

Tydens assessering sal die volgende in ag geneem word:

- Akkurate ontleding van essensiële besonderhede
- Gereproduseer in 'n nuwe formaat
- Taalgebruik

TAAK 3

## ONDERSOEKTAAK

Tyd: 60 min

✓ Punte: 20

### DOEL VAN TAAK

Gedurende hierdie taak sal jy:
- inligting oor die onderwerp aanvul terwyl terugvoering gedoen word
- ‘n tabel voltooi
- inligting vir die rolspel in taak 4 insamel.

### HULPMIDDELS

- Biblioteek
- Persone in diens van verskillende instansies wat diens lewer, soos die munisipaliteit
- Media bronne soos:  Tydskrifte, koerante, TV, Internet
- Tabel

**Aktiwiteit 3.1: Voorbereidingsaktiwiteit**

Tyd: 25 min

**INSTRUKSIES**

- Gebruik die inligting wat jy in Taak 1 bekom het om die taakblad in die volgende aktiwiteit te voltooi.
- Gaan deur jou aantekeninge sodat jy seker kan maak dat jy alle inligting wat jy vir die invul van die taakblad sal benodig, het.

**Aktiwiteit 3.2:  Invul van taakblad**

Tyd: 35 min

✓ Punte:  20

**INSTRUKSIES**

Vir hierdie aktiwiteit werk jy op jou eie.

- Kies vier openbare dienste.  Skryf die openbare dienste in die linkerkantste kolom.
- Voltooi nou die taakblad (Bylae 1):
  - Verskaf telkens **twee voordele** wat uit hul dienslewering voortspruit.
  - Gee ook telkens **twee tekortkominge** in dié stelsel.
  - Gee ook telkens **een** prakties uitvoerbare **voorstel** om die dienste wat deur die betrokke openbare instelling gelewer word, te verbeter.
  - Skryf in volsinne en maak seker dat jou inligting duidelik verstaanbaar weergegee is.
  - Omskryf telkens die voordeel en tekortkoming.

**ASSESSERING**

Tydens assessering sal die volgende in ag geneem word:

- Is dit duidelik dat dit voordele en tekortkominge is?
- Is die voorstelle werklik uitvoerbaar?
- Taal en spelling
- Opsporing en verkryging van inligting
- Akkuraatheid en toepaslikheid van inligting
- Organisering van inligting en ontwikkeling van argumente
- Aanbieding van resultate

## TAAK 4 — GESPROKE TEKS

**Tyd: 50 min** | **Punte: 10**

---

### Aktiwiteit 4.1: Voorbereidingsaktiwiteit

**Tyd: 10 min**

**INSTRUKSIES**

**ROLSPEL**

- Julle sal in nuwe groepe ingedeel word.
- Lees die rolspelsituasie noukeurig deur.
- Volg die instruksies van die onderwyser.

> **Scenario**
> Die inwoners van Rus en Vrede is baie ongelukkig, want hulle diensgeld [erfbelasting, water, elektrisiteit] is skielik verhoog. Hulle betaal egter nog gereeld hul diensgelde, maar die afgelope twee maande was daar gereelde voorvalle van die afsny van hul water en elektrisiteit. Die inwoners het op ‘n dringende vergadering aangedring sodat hulle hul griewe kon lug.
>
> Uiteindelik het die munisipale bestuurder, wyksraadslid en ander munisipale beamptes besluit om hulle te woord te staan.

### Aktiwiteit 4.2: Rolspel

**Tyd: 40 min** | **Punte: 10**

**INSTRUKSIES**

- Rolspeel ‘n vergaderingsituasie na aanleiding van die scenario in Aktiwiteit 1 waar munisipale beamptes en die gemeenskap verteenwoordig is.

LET WEL
- Aan die einde van die vergadering moet die betrokke partye eenstemmigheid bereik en met werkbare oplossings vorendag kom!
- Luister aandagtig na elke groep se rolspel en vul jou aantekeninge aan.
- Konsentreer op die **oplossing** wat telkens aangebied word, aangesien jy dit kan gebruik by die voltooiing van Taak 5, Aktiwiteit 2.

TAAK 5

## FUNKSIONELE SKRYFWERK

**Tyd: 30 min** | **Punte: 10**

### Aktiwiteit 5.1: Voorbereidingsaktiwiteit

**Tyd: 10 min**

**INSTRUKSIES**

- Die onderwyser sal hierdie aktiwiteit lei.

### Aktiwiteit 5.2: Formele brief

**Tyd: 20 min** | **Punte: 10**

**INSTRUKSIES**

Jy is die sekretaris van die **Rus en Vrede-**belangegroep. Die plaaslike munisipaliteit het alle klagtes en voorstelle aangehoor en tot daadwerklike optrede oorgegaan. Die gemeenskap is baie ingenome met die eindresultaat.

- Skryf 'n **formele brief** van ongeveer 80 woorde aan die voorsitter van jou plaaslike munisipaliteit waarin jy hom / haar bedank vir die wyse waarop die probleem/ probleme hanteer en opgelos is.

**ASSESSERING**:

Tydens assessering sal na die volgende gekyk word:

- Korrektheid van formaat en toepaslike lengte
- Korrekte toon, styl, spelling, leestekens en taalgebruik
- Hou jy by die onderwerp?

**BYLAE 1**

**NAAM VAN LEERDER: …………………………...** **GRAAD 9 …..**

**ONDERSOEKTAAKBLAD**

| | VOORDELE | TEKORTKOMINGE | VOORSTELLE/VERBETERING |
|---|---|---|---|
| OPENBARE DIENS: | | | |
| | | | |
| OPENBARE DIENS: | | | |
| | | | |
| OPENBARE DIENS: | | | |
| | | | |
| OPENBARE DIENS: | | | |
| | | | |